

## HOOFSTUK 1

### BEGRIPSBEPALING EN UITEENSETTING VAN DIE ONDERSOEK

#### I. INLEIDING

Voogonderwys<sup>1)</sup> is 11 jaar gelede in Transvaalse skole bekendgestel en ingestel.<sup>2)</sup> Vandag, met veel meer ontwikkelinge en verwickelinge op ekonomiese, kulturele, opvoedkundige en maatskaplike gebiede, is voogonderwys nog belangriker. Besondere klem word gelê op geïndividualiseerde en gedifferensieerde onderwys waar fase en klasvoogde elke kind as individu moet ken. Die grondslag of filosofie in die opvoeding van die Transvaalse Onderwysdepartement is steeds die opvoeding en onderwys van die hêle kind. n Mens hoor egter dikwels vandag dat die skool hom oorwegend toespits op die suiwer akademiese ontwikkeling; dat die kind n robot is wat al die tyd afgerig word - afgerig vir atletiek, rugby, tennis én eksamens. Dit word beweer dat van ware opvoeding en van ware Christelike opvoeding nie veel tereg kom nie en dat skole - hoofde, onderwysers én ouers - meer oor die werklike prestasies op die verskillende terreine as oor die opvoeding van die kind begin is.<sup>3)</sup>

- 
- 1) Volgens T.O.D. Omsendminuut 210 van 31 Desember 1973 is die huidige Voorligting- en Voogstelsel in een geïntegreerde program onder die benaming Voorligtingsprogram saamgevoeg.
  - 2) Vgl. T.O.D. Omsendbrief 12 van 9 Februarie 1963 en wat opgevolg is deur omsendbriewe 82 van 11 November 1963, 78 van 10 September 1965 en 120 van 23 Oktober 1967.
  - 3) Vgl. in hierdie verband Groenewald, J.C. Die betekenis van die voogonderwyser vir die psigologies-pedagogiese vorming van die kind, p. 127, waar hy van sekondêre skole die volgende sê: "Het die meer skole, het daar ook n.

Dit kom voor of daar by baie onderwysers nie n duidelike begrip is nie van die betekenis van opvoeding en onderwys, geïndividualiseerde of gedifferensieerde onderwys en selfs voogonderwys. Dit is nodig om hierdie begrippe enigszins toe te lig.

## II. BEGRIPSBEPALING

### A. OPVOEDING EN ONDERWYS

Vir baie mense beteken opvoeding eenvoudig om te leer.

Die ouer stuur sy kind skool toe om opgevoed te word en bedoel daarmee dat hy onderwys moet ontvang.

Eintlik is opvoeding en onderwys n geïntegreerde eenheid.

Sonder onderwys kan geen opvoeding plaasvind nie en word daar ook dikwels gepraat van onderwysende opvoeding of opvoedende onderwys.<sup>4)</sup>

Onderwys, in die enger sin as n aspek van opvoeding, is meer beperk tot die ontwikkeling en vorming van die verstand, terwyl opvoeding die vorming van die hele kind insluit.<sup>5)</sup>

---

gees van kompetisie tussen skole gekom t.o.v. sport= aangeleenthede maar ook t.o.v. matriekuitslae. Dit het meegebring dat elke vakonderwyser meer besig geraak het met sy vak as met die mens wat voor hom staan." Vgl. ook: Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding, p. 71.

- 4) Kruger, J.H. en Krause, F.J.L. Kind en skool, p.17.  
 5) Groenewald, op. cit., p. 195. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 27; Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 12 - 15; Kruger en Krause, op. cit., p. 19.

Opvoeding van die hele kind beteken dus sy vorming tot waardige lid van die gemeenskap en volwaardige burger van sy land deur voortdurend aan die ontwikkeling van die kulturele, etiese, godsdienstige, emosionele, verstandelike, logiese denke, menseverhoudinge en liggaamlike gesondheid aandag te gee.<sup>6)</sup> Die hoogste doelstelling in die opvoeding van die kind in die Christelike skool volgens die Afrikaner se Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is steeds om die kind na God te lei. Die onderwyser, as Christengelowige, sal deur sy voorbeeld, met geloof, hoop en liefde die kind as sy hulpbehoewende naaste, opvoed en vorm tot diens van sy volk, maar bo alles vir sy God.

#### B. GEÏNDIVIDUALISEERDE OF GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39 van 1967, Artikel 2(i)(a) bepaal dat staats- of provinsiale skole n Christelike karakter moet hê. "Christelike opvoeding impliseer leiding aan die kind by wyse van hulpverlening en positiewe beïnvloeding deur doeltreffende opvoedende onderrig, sinvolle dissipline en die persoonlike voorbeeld van die onderwyser tot die regte gesindheid teenoor die Skepper, die medemens, sy omgewing en sy verantwoordelikhede".

---

6) Lötzt, J. v. Z. Belangrike beginsels by die opstel van sillabusse. T.O. Bulletin, xi(1): 36, Maart 1966.

7) T.O.D. Handleiding vir die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal, p.1, Junie 1972.

Die Christelike opvoeding lê besondere klem op die verwerkliking van die vermoëns en moontlikhede van elke kind. Die onderwyser moet ten opsigte van elke kind aan homself die volgende vrae stel: wat is hierdie kind; wat kan hierdie kind vermag; wat moet of behoort hierdie kind te vermag. Onderwys moet ooreenkomstig die vermoëns, begaafdhede en belangstelling van die leerling en die behoeftes van die land, gegee word.

Met inagneming hiervan moet gepaste voorligting aan elke kind verskaf word.<sup>8)</sup> Geïndividualiseerde en/of gedifferensieerde opvoeding en onderwys gee dus erkenning aan die verskille by kinders wat hulle fisiese, geestes- en persoonlikheidseienskappe betref. Daar is verskille in verstandsvermoë en vaardighede en in aanleg vir sang, kuns, voordrag, sport, ens. Daar is ook groot verskille ten opsigte van selfvertroue, eerlikheid, volharding, passiwiteit, aggressiwiteit en energiekheid. Elke kind kom uit 'n afsonderlike huisgesin en milieu. Die opvoedkundige funksie van die huis het grootliks na die skool verskuif as gevolg waarvan die skool vir opvoeding in ooreenstemming met verskillende lewensbeskouingsvoorsiening moet maak.<sup>9)</sup>

---

8) Loc.cit. Vgl. ook: Viljoen, F.P. Die bydrae wat die Sielkundige en Voorligtingsdiens tot doeltreffende onderwys en opvoeding in die primêre skool lewer, p.l. T.O.D. Simposium in organisasie, bestuur en leierskap vir hoofde in Primêre Skole, 11-30 Oktober 1973.

9) Van Loggerenberg en Jooste, op.cit., p.249-250. Vgl. ook: Groenewald, op.cit., p.201.

Maar die kind is ook 'n Godgeskape individu wat self iemand is, iemand wil wees en word, en daarom moet die opvoeder naby hom wees om hom by te staan wanneer hy probleme ondervind.<sup>10)</sup> Die onderwyser durf dus nooit alle kinders gelyk stel nie. Dit is sy roeping en taak in die Christelike skool om van elkeen 'n studie te maak. Hierin kan hy slegs slaag wanneer hy werklik as voog van sy leerlinge optree en voogonderwys in al sy konsekwensies toepas.

### C. VOOGONDERWYS EN DIE VOORLIGTINGSPROGRAM

Om voog van 'n kind te wees is om vader of moeder vir hom te wees. In ons Calvinisties-Christelike lewensbeskouing het die voog dieselfde gesag van God en verantwoordelikhede teenoor God ten opsigte van die kind se opvoeding.

Wanneer die onderwyser as voog optree van die kinders wat aan sy sorg toevertrou word, is hy plaasvervangende ouer vir hulle gedurende skoolure. Die gesag van die ouer wat God aan hom gegee het in die woorde "eer jou vader en jou moeder", word gedeeltelik aan die onderwyser oorgedra. Hy is dus aan God verantwoordelik vir die wyse waarop hy sy gesag aanwend. As Christenopvoeder en -gelowige sal hy die kind lei en sal dit sy hartewens wees dat elke kind sy uiteindelijke bestemming, nl. die ewige lewe, sal bereik.

---

10) Kilian, C.J.G. Nabyheid en afstand in die opvoeding. Onderwysblad, 845(81): 11, Oktober 1973.

Huis en skool het een gemeenskaplike mikpunt, nl. dié welsyn van die kind. Ouer en onderwyser is die twee grootste bondgenote in die opvoeding van die kind gedurende sy skoolloopbaan. Hierdie twee pilare in die opvoeding het ideale, bepaalde mikpunte, doelstellinge en oortuigings in die opvoeding van die kind. Hulle mag dieselfde of teenstrydige doelstellinge hê en dit kan slegs bepaal word deur middel van sinvolle samesprekings. Vanuit die skool se gesigspunt kan voogonderwys nooit werklik betekenisvol wees as daar nie volgehoue ouer - onderwysersamesprekings is nie.

Voogonderwys en die voorligtingsprogram is nie noodwendig sinonieme begrippe nie. Voogonderwys is die grondslag van plaasvervangende ouerskap en is o.a. gebaseer op agtergrondkennis en inligting van die kind vir sy gehele ontwikkeling. Hierdie inligting en kennis word benodig vir die voorligtingsprogram, d.w.s. voorligting aan die kind en aan die ouer. Voorligting moet ook gesien word as advies- en steungewing aan die kind van gr. i af en behoort sy ouer ook in te sluit. Voogonderwys is egter steeds die grondslag waarop die voorligtingsprogram rus. As die gelowige onderwyservoog met gedifferensieerde onderwys in die Christelike skool werklik reg wil laat geskied aan elke kind in die opvoeding en onderwys, móét hy die kind se ouers en huislike agtergrond deeglik ken, anders is voogonderwys bloot n klug, sinloos en kragteloos.

In die primêre skool in Transvaal is elke onderwyser ook voogonderwyser. Daar is geen verskil tussen die twee nie. As klas- of voogonderwyser of as fasevoog, is sy onderwys in Wiskunde, in Afrikaans of in Geskiedenis ook voogonderwys. Hy tree steeds as opvoeder en plaasvervangende ouer op, hoewel hy grootliks onderwys. Dit is egter noodsaaklik om voorsiening vir 'n voogperiode te maak waar die intieme vertrouensverhouding tussen voog en kind verstewig kan word. In opvolgende hoofstukke sal besondere aandag aan voogonderwys en veral ook ouer-onderwysersamesprekings bestee word.

### III. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Dr. P.M. Robbertze, President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, het hom 'n tyd gelede soos volg uitgelaat: "Die navorser soek na die waarheid, of dit skokkend of vleierend, mooi of lelik is. Maar die navorser staan nie onverskillig teenoor sy kultuur nie. As hy feite blootlê wat hom as mens, as stedeling, as Afrikaner teleurstel en die feite om daardie rede verswyg, beoefen hy nie meer die wetenskap nie - hy bewys trouens niemand daardeur 'n diens nie". Hy het ook sekere ongewenste kenmerke van geesteswetenskaplike navorsing in die Republiek genoem, o.a. die mening dat die man op straat 'n gesaghebbende op die gebied van die geesteswetenskappe is en die bevindings daarvan aanprys of verdoem in die

mate waarin dit met sy eie opinies strook of nie stróok nie; die tradisie om geld te verkwis deur klein te dink en klein te doen en die tradisie dat die geesteswetenskaplike hom moet weerhou van die kontensieuse en van sake met politieke implikasies.<sup>11)</sup>

Hierdie navorsing met betrekking tot voogonderwys word dan ook in beskeidenheid, maar met eerlikheid, in die Lig wat ontvang is en met oortuiging aangepak. Dit sal ontleed en sodoende bepaal word of dit in diens van die Afrikanervolk en tot eer van God aangewend en toegepas kan word.

Die doel van hierdie ondersoek is dan om die volgende te probeer vasstel:

- A. die waarde en plek van voogonderwys in die Afrikaanse primêre skool in Transvaal en wát alles met voogonderwys beoog word;
- B. watter waarde voogonderwys in ons Christelik-nasionale onderwys én lewens- en wêreldbeskouing het of kan hê, veral ook ten opsigte van die voorligting ("opvoeding") van die ouer;
- C. of voogonderwys plek het in die huidige ekonomiese, kulturele en politieke opset en of dit as hulpmiddel tot vooruitgang op hierdie terreine aangewend kan word;
- D. om na aanleiding van bevindings, aanbevelings te maak.

---

11. Die Transvaler, p.11, 19 April 1973. Vgl. ook: Pauw, J.R. Universiteit en samelewing deur die eeue. Aambeeld, 1(1):19, Maart 1973.



#### IV. METODE VAN ONDERSOEK

Verskillende bronne sal geraadpleeg word en ten opsigte van ouer-onderwysersamesprekings sal veral van Amerikaanse literatuur gebruik gemaak word. Voogonderwys sal histories geplaas en prinsipiëel begrond word. Vraelyste sal aan hoofde van Afrikaanse Primêre Skole in Transvaal gestuur word om te probeer bepaal in watter mate voog-(voorligting)-onderwys in swang en suksesvol is, watter probleme daarmee ondervind word, of huisbesoek onderneem word, of ander vorme van ouer-onderwysersamesprekings plaasvind en in watter mate voogonderwysers vir hierdie verantwoordelikheid opgewasse is.

#### V. PROGRAM VIR ONDERHAWIGE STUDIE

In hoofstuk 2 word voogonderwys histories geplaas en prinsipiëel begrond. Dit word ook na aanleiding van die Transvaalse Onderwysdepartement se voorskrifte uiteengesit. Hier word verwys na Hoofstuk 13 van die Handleiding vir Skoolorganisasie, asook omsendbriewe 12 van 9 Februarie 1963, 82 van 11 November 1963, 78 van 10 September 1965, 120 van 23 Oktober 1967 en omsendminuut 210 van 31 Desember 1973. n Departementele vraelys wat aan skole op 10 September 1965 in verband met die toepassing van voogonderwys vir voltooiing gestuur is en n verslag daarvoor sover dit laerskole betref, word kortliks behandel.

In hoofstuk 3 word die huidige kulturele, politieke én ekonomiese opset en gesindheid geskets in soverre dit die Afrikaner in Transvaal en veral die Witwatersrand en Vaaldriehoek raak. Die vraag word gestel of die skool belang daarby het. Het die skool die ouer se opvoedingstaak oorgeneem? Het die skool net die taak van die akademies-professionele opleiding van leerlinge? Hoe ver moet die skool se opvoedingstaak strek ten opsigte van die kind én die ouer? Moet hy die ouer opvoed? As die skool die héle kind opvoed, het hy die verpligting om ook die ouer op te voed, soveel te meer omdat hy voog (plaasvervangende of aanvullende ouer) van die kind is? Wil die skool dit doen en is hy te vinde daarvoor? Is die besef daar dat hy die taak van volksoopvoeder en volksleier het? As die antwoord negatief is, is dit dan die gevolg van oorwegend neutrale en gebrekkige opleiding van onderwysers, egoïsme, najaag van resultate, klem op "onderwys", evaluering van onderwyser en student as "onderwyser" deur hoof, dosent en inspekteur, gebrek aan geroepenheid, visie en insig by individuele onderwysers, tydsgees met gemaksg, negatiewe ingesteldheid teenoor vernuwings en teenoor studie en n gebrek aan roepingsbewustheid?<sup>12)</sup>

---

12. Vgl. p. 350-366 hieronder.

In hoofstuk 4 word aandag gegee aan voogonderwys in die Christelike skool en hoe dit die kind en die voogde raak. Die kind en sy ouer het huidige besondere probleme. Geweldige eise word dus aan die voogonderwyser en die hoof gestel. Daar is die probleem van die "vermiste" vaderfiguur en die werkende moeder en van die goeie en die swak omgewings. Aandag word geskenk aan die waarneming van individuele kinders deur die voogonderwyser en die noodsaaklikheid om hierdie waarnemings te boekstaaf. Omdat die onderwyser in die laerskool gelyktydig klas- en voogonderwyser is, kan sy voogonderwys slegs slaag indien hy die kind in sy geheel ken. Daarom moet hy die kind ook ken ten opsigte van sy motoriek, sy wilslewe, sy gevoelslewe, sy drifsewe en karakter. Sy voogonderwys moet egter steeds geskied in die gees en strewe van die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Die gevaar is altyd wesentlik dat die kind se natuurlike voog en sy plaasvervangende voog nie dieselfde mikpunte met hom beoog nie, wat vir die kind ramspoedige gevolge kan meebring. Vir die kind se beswil is dit daarom noodsaaklik dat ouer en voogonderwyser sinvol en voortdurend moet kommunikeer. In hoofstuk 5 word ouer-onderwyser=samesprekings na aanleiding van navorsingsbevindings in die V.S.A. enigszins breedvoerig aangedui. Slegs doelbewuste en wetenskaplike samesprekings het nut in die hele voorligtingsprogram. Samesprekings is 'n lewensbelangrike aspek in die Christelike opvoeding en onderwys wat die

hoogste prioriteit moet geniet, eerstens om aan voogen gedifferensieerde onderwys reg te laat geskied en tweedens om noodsaaklike voorligting aan ouers te verskaf.

In hoofstuk 6 word die vraelyste wat aan hoofde van Afrikaanse primêre skole in Transvaal gestuur is, in oënskou geneem. Die bevindings en aanbevelings word kortliks aangedui. n Proefneming met ouer-onderwyser=samesprekings gedurende skoolure oor vorderingsverslae, soos dit in n voorstedelike laerskool in Transvaal toegepas is, word ook kortliks aangedui en bespreek. Voorts word ook aandag geskenk aan die moontlikheid om al die kinders aan buitenuurse bedrywigheide te laat deelneem. Ten slotte word aandag gegee aan n moontlike voogvorm of -staat vir ingebruikname deur laerskole. In hoofstuk 7 word onderwysersopleiding in oënskou geneem teen die agtergrond van hoofstukke 3 tot 6. Hier word ook die kwelvraag gestel waarom die onderwysberoep nie voldoende geskikte jong mans lok nie. n Voldoende antwoord kan nie verstrek word nie maar lok verdere vrae, nl: watter beeld skep die opvoeder veral in die sekondêre skool by die st. 9- en 10- seun? Is daar n gebrek aan besieling en idealisme? Daar word ook verwys na die getroude onderwyseres en haar dubbele rolverdeling, na die kwalifikasies van onderwysers en die noodsaaklikheid om n uitweg te vind sodat diensdoende onderwysers wat slegs oor professionele kwalifikasies beskik, hulle

verder kan bekwaam in die Christelike Opvoedkunde.

In hoofstuk 8 word die finale bevindings en  
aanbevelings aangedui.